DEEL 118 | WEEK 37 | 11 SEPTEMBER 2026 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE [...], IT IS ONLY A RUMOUR



# Super El Niño laat kommer oor die komende somerreën

*Foto erkenning: Danelle Oosthuizen*

Terwyl Heilbron se boere hulle oë op die lug hou en wag vir die nuwe somerreënseisoen, begin 'n bekende naam weer kommer wek: El Niño. Die Wêreld Meteorologiese Organisasie (WMO) het vandeesweek gewaarsku dat die huidige El Niño teen die einde van 2026 verder kan versterk en moontlik een van die sterkstes kan wees wat nog aangeteken is. Daar is volgens die WMO byna 'n 100%-kans dat die verskynsel tot minstens Februarie 2027 sal voortduur.

Vir Heilbron en die omliggende landbougebiede is dit nie bloot 'n interessante weerfenomeen nie. Somerreën is die lewensaar van die plaaslike landbou. Mielies, sonneblomme, weiding en vee is almal afhanklik van genoegsame en vroeë reën. En die laaste keer toe 'n besonder sterk El Niño Suid-Afrika getref het, het die Vrystaat dit gevoel.

Die El Niño van 2015/2016 was een van die sterkstes in dekades en het tot een van Suid-Afrika se ernstigste droogtes in meer as 'n eeu bygedra. Die Vrystaat was onder die provinsies wat besonder swaar deur die droogte geraak is.

Vir boere het dit swak oeste, minder weiding en toenemende druk op waterbronne beteken. Die droogte het nie net die landerye geraak nie, maar ook die sak van die boer – en uiteindelik die breër landelike ekonomie.

Nou, meer as 'n dekade later, kyk landbougemeenskappe weer met groter belangstelling na die weerkaarte.

'n Sterk El Niño word in Suider-Afrika dikwels met 'n groter risiko vir droër toestande en onreëlmatige reënval verbind. Dit beteken egter nie dat Heilbron noodwendig op 'n herhaling van 2015/16 afstuur nie.

Geen twee El Niño-gebeurtenisse is presies dieselfde nie, en El Niño alleen kan nie bepaal hoeveel reën Heilbron gedurende die komende seisoen gaan kry nie. Die risiko is egter groot genoeg om aandag te verdien.

Vir plaaslike produsente kan 'n swak of laat reënseisoen beteken dat plantbesluite moeiliker word, grondvog vinniger uitgeput raak en gewasse onder hitte en droogtestres kom. Vir veeboere kan minder reën weer beteken dat natuurlike weiding en waterbronne onder druk kom.

Die gevolge kan selfs verder as die plaashek strek. Swakker oeste en hoër insetkoste kan uiteindelik voedselpryse beïnvloed en druk op die hele landelike ekonomie plaas. Die Wêreldvoedselprogram het reeds gewaarsku dat 'n sterk El Niño veral kwesbare landbougebiede in Suider-Afrika kan raak.

Ten spyte van die ernstige waarskuwings, beklemtoon die huidige vooruitsigte nie dat 'n droogte gewaarborg is nie.

Vir Heilbron beteken dit eerder dat die komende maande belangrik gaan wees om die weerontwikkelings dop te hou en vroegtydig te beplan.

Want vir 'n gemeenskap wat so sterk op landbou staatmaak, is die vraag nie net "Sal dit reën?" nie.

Dit is ook: "Wat as die reën nie kom wanneer ons dit nodig het nie?"

Met die herinnering aan 2015/16 nog vars in die geheue van baie boere, sal die antwoord hierdie keer moontlik wees om betyds gereed te wees.










# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum



## September is Kinderkankerbewustheidsmaand

• *Elmarie Els-Hammann*

September is Kinderkankerbewustheids-maand, 'n wêreldwye bewusmakings-maand wat fokus op die voorkoming van onnodige sterftes, vroeë herkenning van simptome en beter toegang tot behandeling vir kinders en adolessente met kanker.

Volgens die Wêreldgesondheids-organisasie (WGO) ontwikkel ongeveer 400 000 kinders en adolessente tussen die ouderdomme van 0 en 19 jaar wêreldwyd elke jaar kanker. Die algemeenste vorme sluit onder meer leukemie, breingewasse en sekere soliede gewasse in. By adolessente kom limfome, beenkanker en skildklierkanker ook meer gereeld voor.

Die situasie in Suid-Afrika beklemtoon die belangrikheid van bewustheid. Die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA) skat dat ongeveer 800 tot 1 000 Suid-Afrikaanse kinders jaarliks met kanker gediagnoseer word. KANSA waarsku egter dat 'n groot aantal kinders moontlik nooit 'n diagnose ontvang nie.

**Waarom vroeë herkenning belangrik is.**

Een van die grootste uitdagings met kinderkanker is dat die simptome dikwels soortgelyk aan dié van algemene kinderkwale kan wees. Dit kan daartoe lei dat 'n diagnose vertraag word.

**Waarskuwingstekens waarna ouers, versorgers en onderwysers kan oplet, sluit onder meer in:**

- 'n Onverklaarbare of aanhoudende knop of swelling;
- Aanhoudende of onverklaarbare pyn;
- Langdurige moegheid of 'n gebrek aan energie;
- Onverklaarbare gewigsverlies;
- Aanhoudende of herhalende koors;
- Gereelde of aanhoudende infeksies;
- Ongewone kneusing of bloeding;
- 'n Bleek voorkoms;
- Veranderinge in sig;
- Aanhoudende hoofpyn, veral wanneer dit met braking gepaardgaan; en
- 'n Skielike verandering in gedrag of algemene welstand.

Hierdie simptome beteken nie noodwendig dat 'n kind kanker het nie, aangesien dit deur verskeie ander toestande veroorsaak kan word. Indien simptome egter aanhoudend is of kommer wek, behoort 'n mediese professionele persoon geraadpleeg te word.

**Kinderkanker kan behandel word**

Kinderkanker is nie in alle gevalle 'n doodsvonnis nie. Volgens die WGO kan die meerderheid soorte kinderkanker met die korrekte behandeling genees word. Oorlewingsyfers verskil egter aansienlik tussen lande en streke.

In hoë-inkomstelande word meer as 80% van kinders met kanker genees, terwyl die oorlewingsyfer in baie lae- en middelinkomstelande onder 30% bly. Faktore soos laat diagnose, beperkte toegang tot behandeling, 'n tekort aan medisyne en finansiële en geografiese hindernisse dra tot hierdie verskil by.

Die WGO se Global Initiative for Childhood Cancer het daarom 'n doelwit gestel om wêreldwye oorlewing van kinderkanker tot minstens 60% teen 2030 te verhoog en terselfdertyd die lyding van kinders en hul gesinne te verminder.

Die impak op die hele gesin

'n Kankerdiagnose beïnvloed nie net die kind nie. Ouers en ander versorgers moet dikwels hul werks- en gesinsroetines aanpas om lang behandelingsperiodes, hospitaalbesoeke en moontlike reis na spesialisbehandelingsentrums te hanteer.

Vir die kind kan behandeling ook beteken dat hy of sy vir lang tydperke van skool, vriende en gewone kinderaktiwiteite weg is. Emosionele ondersteuning, opvoedkundige ondersteuning en geleenthede om steeds te speel en sosiaal betrokke te wees, bly daarom belangrik.

In Suid-Afrika bied organisasies soos KANSA ondersteuning aan kinders, tieners en hul gesinne. KANSA se Tough Living with Cancer (TLC)-program bied onder meer praktiese ondersteuning, mediese toestelle, voedingsondersteuning, akkommodasie naby behandelingsentrums en emosionele ondersteuning.


**'n Gemeenskaplike verantwoordelikheid**

Kinderkankerbewustheidsmaand is uiteindelik meer as net 'n bewusmakingsveldtog. Dit is 'n geleentheid om kennis oor die waarskuwingstekens van kinderkanker te verhoog en om gesinne te ondersteun wat met die diagnose saamleef.

Vroeë herkenning, 'n tydige diagnose en toegang tot toepaslike behandeling kan 'n belangrike verskil aan 'n kind se kans op herstel maak.

As gemeenskap kan ons daarom hierdie September die goue lint dra, oor kinderkanker leer en veral onthou dat agter elke statistiek 'n kind, 'n gesin en 'n storie is.

Bewustheid kan lei tot vroeë herkenning – en vroeë herkenning kan lewens red.




Ek was nog in die skool toe daar standerds en standaardgraad was. Jip, ek is sò oud.

Toe ek in standerd vyf was, het ons 'n voorgeskrewe boek, Miekel die Koerantjoggie, gelees. Hester Heese was die skrywer. Ek het nie eintlik geweet wat 'n voorgeskrewe boek was nie, vir my was dit net 'n storieboek.

In die boek is Miekel Marais se karakter veertien jaar oud. Hy was 'n koerantverkoper. Dit was ook vir my 'n vreemde konsep. Ek was 'n plaaskind wat nie verstaan het hoe koerante en melk by jou huis afgelewer word nie.

Miekel en sy ma trek Stellenbosch toe nadat sy pa dood is. Sy ma is in die hospitaal opgeneem en hy woon toe by sy ouma en oupa totdat sy ma ontslaan is. Hy sukkel om in die nuwe dorp in te pas. Gelukkig maak hy vriende met Rikus. Rikus help vir Mieke om sy fiets reg te maak. So maak hy nuwe vriende.

Miekel se ma is baie lief vir rose. Ek onthou dat ek doodverbaas was toe ek agterkom dat my ma net so lief was vir rose en hulle by die naam geken het. Daar was Double Delight en Pappa Meiland. Icebergs en Ingrid Bergman. Sy het dit alles geken.

Terug by die boek: Miekel wou vir sy ma 'n present koop. Sy pa het kort voor sy dood 36 gate vir roosbome gegrawe. Hy is dood voordat hy die rose kon plant. Met sy fiets eksieperfeksie, word hy 'n koerantjoggie om geld bymekaar te maak om genoeg roosbome te kon koop om die 36 gate wat sy pa gegrawe het, daarmee te vul.

Miekel is die eerste koerantverkoper waarvan ek geweet het. Hier naby waar ons bly was ook 'n koerantverkoper. Ons koerantverkoper het elke Sondag op 'n kruising in Pierre van Ryneveldpark gestaan en die Rapport en Huisgenoot verkoop. Hy het vir elke liewe bestuurder gewaai en oopbek gelag. Daar was nie baie tande in sy mond nie. Maar, soos my gryse ou pa sou sê: danksy die genade sit die tande darem nog oor mekaar. Almal het hom geken. Synde ons intekenaars is op netwerk24, kon ons die twee publikasies aanlyn lees. Ons het dus elke Sondag by hom gestop: nie om die koerant te koop nie, maar om vir hom 'n geldjie te gee.

En toe is daar nie meer 'n Rapport nie. Ons koerantman het ook verdwyn. Ek het baie oor hom gewonder: ons eie Miekel wat op 'n Sondagoggend vanaf Pretoria Wes kom om in Pierre van Ryneveld koerante te verkoop. Vir omtrent 'n jaar was sy kruising leeg. Tot op 'n dag, so twee maande gelede.

Met die naderkomslag het ek hom gesien met 'n wyebeklag. Hy waai vir elkeen, staan soos 'n windmeul soos wat hy waai. Almal het teruggewaai, ons was bly hy is terug. Hierdie keer met Die Papier en Huisgenoot. Sy tande lyk steeds soos opslagmielies: een niks een niks. Maar hy geniet dit om vir almal te waai. Ek moet nou seker maak dat ek sy fooitjie in my kar het.

Sondag, op pad terug vanaf die kerk, stop ek by die wyebeklag man. Hallo my tannie, groet hy my. Ek gee sy geldjie. Hy ontvang dit met 'n bak hand terwyl hy dankie dankie dankie sê. Ek sê: "Kyk wat het jy al vandag gekry!" Hy wys trots na die pakkies in so hande. 'n Sakkie met ses broodrolletjies in, so vier groot aartappels en 'n paar wortels en tamaties. "Dis niks, tannie. 'n Ander tannie het vir my twee borde kos gebring. My kinders gaan so lekker eet!" En tannie, voeg hy by, die ander tannie het vir my 'n warm baadjie saamgebring.

Ek weet nie wat Miekel se omstandighede is nie. So af en toe, as daar nie verkeer is nie, stop ek langer by hom. Hy vertel dat sy seuntjie amper skool toe gaan. Hy sê hy is opgewonde oor die week wat kom en dat die Here so goed is vir hom.

Sommige oggende moet ek vroeër by die kerk wees as my goeie man. Dan ry ek alleen verby ons Miekel. Wanneer ek stop, vra hy altyd: En waar is die oom vandag? Is hy siek?

Nee, die oom kom later. Dankie tannie, seën vir tannie se week! Ry veilig. En hy waai weer met sy windmeularms en lag sy wyebeklag.

Ek het hierdie week geleer dat ons meer Miekels moet hê. Ons Miekels hoef nie net koerante te verkoop nie. Ons Miekels moet mense laat glimlag met sy vriendelikheid. Ons Miekels moet mense nader lok met waaiende arms, mense welkom laat voel, al ken hulle jou van geen kant af nie.

Dalk moet ons hierdie soort ding saam vat na 'n winkel toe: maak dalk net oogkontak met iemand wat agter jou in die ry staan. En as julle mekaar se oë vang, glimlag. Dis al.

Selfs al wil jy nie. Ek het baie dae nie lus om te glimlag nie. Ek is moeg gewerk. My kop is dom van alles wat ek moet onthou en my gedagtes is nie by my nie. Maar ek het geleer dat dit net een klein beweginkie vanaf my mondhoeke verg, al voel ek nie so nie.

Laat jou glimlag deurbreek. Meeste van die tyd sal die ontvanger nie agterkom dat dit 'n vals, soms geforseerde glimlag is nie.

Dalk is dit die enigste glimlag wat daardie persoon vandag kry.

## Three suspects arrested for possession and dealing in drugs

**ORANJEVILLE -**

Tuesday, 08 September 2026 – Three suspects, aged between 19 and 42, have been arrested in separate incidents in Oranjeville for possession and dealing in drugs.

On Monday, 07 September 2026, at about 19:00, members of the Fezile Dabi District Trio Task Team received information regarding three houses allegedly being used for the selling of drugs.

The members proceeded to the three identified addresses and conducted searches. At the first house, three ziplock bags containing crystal meth-amphetamine were discovered. The suspect was arrested for possession of drugs.

At the second address, members confiscated 25 ziplock bags containing dagga, as well as an undisclosed amount of cash. The suspect was arrested for dealing in dagga.

At the third address, a suspect was arrested for dealing in a substance presumed to be drugs. During the search, members confiscated 17 small ziplock bags, a quarter Mandrax tablet, 12 small ziplock bags containing crystal methamphetamine and an undisclosed amount of cash.

The three suspects are expected to appear before the Heilbron Magistrate's Court soon.

***Enquiries:***
***Sergeant Josephine Rani***
***079 499 6165***

# Huppel Trippel oefen op maat van musiek

Om in jou stoel te sit en oefeninge te doen wat jou bloedsirkulasie opstoot, is 'n ervaring wat die serotonienvlakke die hoogte in laat opskiet. Om dan terselfdertyd te moet konsentreer om die regte bewegings in die regte volgorde te doen, is 'n heerlike uitdaging. Konsentrasie en lekker geniet kon op elke gesig gelees word. Sonder uitsondering het almal gesê hoe aangenaam en noodsaaklik hierdie oefeninge is. Op 22 September vier Huppel Trippel Lentedag. Nog 'n genotvolle iets om na uit te sien.



*Nonna Roos was aan die stuur; en het die oefeninge aangebied.*

AAT Agenbag's All Trade CC/BK
'In Deo Sapientiae Lux'
'Business by The Book'
CropGen
Whatsapp: 060 397 6380 Email: agenbagsalltrade@gmail.com
AAT CropGen SA
(www.cropgenapp.com)
nooi alle boere uit na inligtingsessies
Do 03/09 (10am), Do 10/09 (10am) en Do 17/09 (10am)
by Hartklop Heilbron (Piercestraat 52).
RSVP jou plek as boer deur jou naam, van, e-posadres en die sessiedatum te WhatsApp na 060 397 6380 ten minste 2 dae voor jou sessiedatum.
Die inligtingsessies behels die volhoubaarheid, winsgewendheid en vorentoe neem van jou boerdery met die CropGen App / Platform.
Na die sessies sal gratis koffie, tee en varsgebakte skons beskikbaar wees terwyl al jou vrae beantwoord word.

# Toename in misdaadinsidente op plase in die Vrystaat wek kommer

***• Vrystaat Landbou***

Toename in misdaadinsidente op plase in die Vrystaat wek kommer Vrystaat Landbou (VL) is bekommerd oor 'n toename in misdaadinsidente op plase in verskeie dele van die Vrystaat wat die afgelope tyd opgemerk word. Volgens dr Jane Buys, Veiligheid risiko-analis van VL, wek die aard en omvang van die insidente kommer, omdat verskeie voorvalle op 'n soortgelyke modus operandi dui.

Buys wys uit dat 'n verdagte verlede week in die Excelsior-gebied in hegtenis geneem is nadat daar na bewering gepoog is om honde te vergiftig en 'n Toyota-bakkie te steel. In die Hobhouse- gebied is drie verdagtes, wat vermoedelik vanuit Lesotho opereer, in hegtenis geneem in verband met trekkerdiefstalle. Die verdagtes word deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) aangehou hangende verdere ondersoek.

Volgens Buys het twee soortgelyke insidente ook hierdie week (Maandagaand) gedurende die vroeë oggendure in die Tweespruit-gebied plaasgevind, waar daar na bewering gepoog is om honde te vergiftig, asook om 'n voertuig en trekker te steel.

"Volgens inligting dui die modus operandi daarop dat dieselfde sindikaat moontlik by verskeie van die insidente betrokke kan wees. Die voorvalle vind hoofsaaklik tussen ongeveer 23:00 en 02:30 plaas, met twee tot drie verdagtes wat tipies betrokke is."

In die Bothaville-gebied is 26 ongedokumenteerde buitelanders ook in hegtenis geneem nadat hulle na bewering onwettige mynbedrywighede op 'n plaas bedryf het.

**Breër misdaadpatroon**

Buys sê dat die jongste voorvalle deel vorm van 'n breër tendens wat in verskeie gebiede van die Vrystaat waargeneem word. Dit sluit onder meer onwettige jag met honde, vee- en graandiefstal, asook die diefstal van koperkabels, transformators en sonkragpompe en -panele in.

Jakkals le Roux, voorsitter van VL Landelike Veiligheid-komitee, sê: "Vrystaat Landbou doen 'n beroep op boerderygemeenskappe om hul paraatheid te verteenwoordigers en enige verdagte aktiwiteite of misdaadinsidente onmiddellik aan die SAPD en hul plaaslike Landelike Veiligheidskoördineerder (LV-koördineerder) te rapporteer.

**Boerderygemeenskappe word verder aangemoedig om:**

- misdaadinsidente tydens maandelikse veiligheidsvergaderings aan te meld;
- plaaslike misdaadvoorkomingsaksies en operasies saam met die SAPD te versoek;
- aktief aan plaaslike veiligheids- en patrollie-aksies deel te neem; en
- alle misdaadinsidente ook aan Vrystaat Landbou se verteenwoordigers deur te gee, sodat dit met die betrokke distriks- en provinsiale strukture opgevolg kan word en die nodige operasies en hulpbronne gemobiliseer kan word.

"Die jongste insidente beklemtoon weereens die belangrikheid van samewerking, kommunikasie en gemeenskapsbetrokkenheid in die voorkoming en bekamping van plaasaanvalle en ander misdade op plase", sê le Roux. "Boere en landelike gemeenskappe moet paraat wees, maar moet ook verseker dat alle insidente aangemeld word sodat tendense geïdentifiseer en geteikende misdaadvoorkomingsaksies ingestel kan word."

**Investering in landelike veiligheid**

Teen hierdie agtergrond bly Vrystaat Landbou ook daartoe verbind om praktiese veiligheidsinisiatiewe in landelike gemeenskappe te ondersteun. Die organisasie se jaarlikse Gholfdag het ten doel om fondse in te samel vir veiligheidsopleiding en -inisiatiewe in landelike gemeenskappe. Die fondse help om gemeenskappe toe te rus met die nodige veiligheidskennis en vaardighede om meer paraat te wees, risiko's te identifiseer en doeltreffend op veiligheidsbedreigings te reageer.

Die Gholfdag, wat op 18 September by die Ladybrand Sportklub plaasvind, bied dus nie slegs 'n geleentheid vir ondersteuning van landelike veiligheid nie, maar dra direk by tot Vrystaat Landbou se breër fokus op veiliger en meer weerbare boerderygemeenskappe.

**Woordvoerders:**
Jakkals le Roux - Voorsitter, Vrystaat Landbou Landelike Veiligheid-komitee 082 781 8241
Dr Jane Buys - Veiligheid risiko-analis, Vrystaat Landbou 083 462 7476/ jane@vslandbou.co.za
Kommunikasiebeampte -Elana Bester 082 643 9875/ elana@vslandbou.co.za

# Potjie-party by Fynproewers se kwartaal funksie

September maand vier ons erfenisdag. En so is potjiekos ook een van ons erfenisse van ons voortrekker voorouers. Potjiekos het sy oorsprong in Nederland tydens die tagtigjarige oorlog. Dis later deur die Voortrekkers in Suid-Afrika ontwikkel tot die geliefde potjiekos. Potjiekos is dus 'n eg Suid-Afrikaanse kooktegniek wat in 'n ysterpot gemaak word. Die pot is ook in ander dele van die wêreld bekend as 'n Dutch-oven. Potjiekos word in dieselfde asem genoem as biltong en droëwors, melktert, koeksisters, afval en bobotie. As jy iemand nooi vir potjiekos, is dit om te sê die persoon word deel van jou vriendekring en dat jy graag saam met die persoon wil kuier en gesels. Dit is 'n opsomming van die heildronk wat meneer Marais Franken op die Heilbron Fynproewers ingestel het tydens hul byeenkoms op Saterdag, 5 September in die Boeresaal. Die tema van die aand was 'n Potjie-party. Daar



was 'n keuse tussen 'n bees- en hoenderfillet potjie met bykomende groente wat elke persoon kon voorberei. So saam met die Springbokke se spanningsvolle wedstryd teen Nieu-Seeland is daar gesellig saam kos gemaak en saam geskree vir die Bokke.

Ons klink 'n glasie op ons erfenis en die Bokke!

# Klein handjies, groot liefde by Kleuterkasteel





Kleuterkasteel het Vrydag behoorlik pret gehad toe oumas en oupas genooi is om 'n spesiale dag saam met hul kleinkinders te geniet.

Die grootouers is met 'n lekker ete bederf, waarna daar volop tyd was vir kuier, lag en kosbare oomblikke saam met die kleinspan. Vir die kinders was dit natuurlik ekstra spesiaal om hul geliefde oumas en oupas by die skool te hê.

Die pret het 'n verdere hupstoot gekry toe Bee- Bee die By ook vir 'n kuier opgedaag het. Die kinders het vrolik saamgesing en gedans, terwyl die grootouers kon terugleun en die vrolikheid geniet.

Dit was 'n heerlike dag vol lag, liefde en saamwees – presies die soort dag wat vir grootouers en kleinkinders mooi herinneringe skep.

















# Young Artist Shines at District Competition



Behekilanga Primary School learner Xolani Nkomo has made his school proud by securing second place in Visual Art (Drawings) at the District Competitions held at Lister Skosana Primary School in Parys on 22 August 2026.

Xolani's artistic talent earned him a well-deserved trophy, recognising his impressive achievement among learners from across the district.

Congratulations to Xolani on this outstanding accomplishment!




# Congratulations to Itumeleng Motaung

*• Phiritona Secondary School*

We proudly congratulate Itumeleng Motaung of Phiritona Secondary School for her outstanding achievement in the Inkosi Albert Luthuli Oral History Programme under the Poetry Category.

The Free State Province once again demonstrated its excellence in heritage education, oral history, and civic participation during the iNkosi Albert Luthuli Oral History Programme National Finals, held at the Department of Basic Education in Pretoria from 20 to 23 August 2026.

Itumeleng represented the Fezile Dabi District at the Provincial Competition, where she excelled and secured 1st Position, earning the honour of representing the Free State Province at the National Competition.

These remarkable accomplishments reflect not only the hard work and dedication of the learners but also the unwavering support of educators, parents, schools, district officials, and the Department of Education. Through programmes such as the iNkosi Albert Luthuli Oral History Programme, learners are encouraged to engage critically with history, preserve community stories, and develop a deeper understanding of South Africa's democratic values and cultural heritage.

She managed to do all this with the support and Mentoring of her remarkable Teacher Mrs Lekhonthula who has been with her throughout this Program.

We are delighted to celebrate her remarkable success at the National Level, where she achieved an impressive 3rd Position in South Africa.

Your dedication, talent, and hard work have brought pride to your school, district, and province. May this achievement inspire many young people to preserve and celebrate our rich history through poetry and oral storytelling.

Congratulations, Itumeleng! We are proud of you.





HERALD Sport

# Drommedaris-fietstoer trap Heilbron toe vir 'n goeie doel

Vir dié groep fietsryers gaan dit vanjaar oor veel meer as net kilometers, sweet en die oop pad. Wanneer die Sonop Drommedaris-fietstoer van 20 tot 25 September deur die Vrystaat kronkel, is daar 'n besonderse doel agter elke trap van die pedaal – om broodnodige fondse vir die Ringerstraat Kinderhuis in Heilbron in te samel.

Die Drommedaris-fietstoer het sy oorsprong reeds in 1966, toe Sonop-studente tydens 'n brandstoftekort 'n ou 44-gellingdrom tussen twee fietse gemonteer en dit van Pretoria na Beitbrug gestoot het. Mense langs die roete kon geld in die drom plaas, wat vervolgens gebruik is om brandstof aan te koop.

Wat as 'n eenmalige poging begin het, het mettertyd 'n geliefde Sonop-tradisie geword. Die Drommedaris-fietstoer word steeds elke tweede jaar aangebied, met liefdadigheid en gemeenskapsbetrokkenheid as die kern van die projek.

Vanjaar wag daar 'n nuwe roete op die fietsryers. Die groep vertrek vanuit Pretoria en trap via Heidelberg, Heilbron, Bethlehem en Clarens, voordat die toer by die Tugelawatervalle eindig.

Heilbron vorm dus 'n belangrike deel van die roete, maar dié keer is die dorp ook die tuiste van die toer se begunstigde. Die Ringerstraat Kinderhuis sal voordeel trek uit die 2026-fondsinsameling.

Ongeveer 50 fietsryers neem aan die toer deel, met 'n ambisieuse teiken om R150 000 in te samel. Die fondse sal aangewend word om die kinderhuis se bedryfskoste en behoeftes te ondersteun.

Die Ringerstraat Kinderhuis bied tans 'n veilige tuiste aan 12 kinders. Gemeenskapslede en besighede kan op verskeie maniere help – van finansiële bydraes tot vars produkte vir die kombuis, nie-bederfbare kos, skryfbehoeftes en ander noodsaaklike benodigdhede.

Die Sonop-span wil ook iets besonders doen vir Unie Makena (40), die huismoeder by die kinderhuis. 'n Geskenkpakkie sal vir haar saamgestel word as blyk van waardering vir die liefde, sorg en toewyding waarmee sy na die kinders omsien.

Maar agter die fietsryers se uitdaging lê ook heelwat praktiese kostes. Fietsryhemde, fiets-onderhoud, brandstof vir ondersteuningsvoertuie, asook etes en energie-aanvullings langs die roete vorm deel van die toer se uitgawes.

Plaaslike inwoners, besighede en ander belangstellendes word daarom genooi om hande te vat en hierdie besonderse projek te ondersteun. Elke bydrae, ongeag die bedrag, kan help om die R150 000-teiken te bereik en 'n tasbare verskil in die lewens van die kinders by Ringerstraat Kinderhuis te maak.

Die fondsinsameling is 'n amptelike inisiatief van Sonop Christelike Tehuis NPC, wat bevestig dat fondse wat ingesamel word, spesifiek vir ondersteuning aan die Ringerstraat Kinderhuis aangewend sal word.

Vir meer inligting oor die Ringerstraat Kinderhuis kan Elmari by 079 599 4135 gekontak word. Navrae oor die Drommedaris-fietstoer kan aan James Gerber (074 013 0222), Bernard Kachelloffer (081 520 6848) of Tonie Viljoen (084 450 1473) gerig word.





VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING



Sekerheidsreël 26:
VOORUITDINK IS ALTYD BETER AS WENSDENKERY.
Hartsiekte en beroerte is steeds die mees algemene bekommernis van Suid-Afrikaners en die naasgrootste oorsaak van sterftes.
Dit kan enigiemand sonder waarskuwing in feitlik enige stadium van hul lewe tref. Alhoewel jy nie die toekoms kan voorspel nie, is dit belangrik om vir die onvoorsiene te beplan.
Sanlam se Kardiovaskulêre voordeel bied omvattende dekking vir kardiovaskulêre siektes, insluitend hartaanvalle, hartoperasies en angioplastiek.
Kry 'n finansiële vennoot wat jy kan vertrou. Kontak my.



Carin Oostenbrink
Finansiële Adviseur
064 901 2135
catharina.oostenbrink@sanlam4u.co.za
Kardiovaskulêre siekte maak sowat 20% van alle eise uit.
(Bron: Sanlam Eise-statistieke 2025)
Sanlam Lewensversekering beperk is 'n gelisensieerde lewensversekeraar en verskaffer van finansiële dienste en 'n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP43).
Sanlam
Lewe met sekerheid

BKB
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 14 SEPTEMBER 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 15 SEPTEMBER 2026
uDUMBE Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454
DELMAS: EHLERSKROON BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Goedgedacht
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776
WOENSDAG - 16 SEPTEMBER 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
BURGERSFORT Maandelikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500
VOLKSRUST: DUBBEL X SAVM STOET PRODUKSIEVEILING
11:00, Battlefields Lodge
Kontak Molie Mentz 083 229 2500
DONDERDAG - 17 SEPTEMBER 2026
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
ABERFELDY Maandelikse Vetvee veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
KROONSTAD: HARTMAN & GRIESEL VLEISMERINO
11:00, Kroon Boma
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
NIGEL: BLOEMENDAL (CHRIS KRUGELL) ALGEHELE UITVERKOPING
11:00, plaas Nooitgedacht
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038
VRYDAG - 18 SEPTEMBER 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
HEILBRON: LOUISE DOHNE MERINO STOET
11:00, plaas Cannossa
Kontak Stiaan Smith 067 596 2491
SATERDAG - 19 SEPTEMBER 2026
PARYS: NASIONALE ILE DE FRANCE VEILING
11:00, Afridome
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
FOURIESBURG: BOSIU BORANE
11:00, Klein Thabo Bosigo
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353
BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHEND,
PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101338 REG NR.: 1998/012435/06
FRANKFORT: 058 813 1071